

SAMPJE TERREBLANCHE SE LEWE GEVIER

'Prof' het die wêreld verbeter'

*Die Burger Maandag 26/02/2018***Nadine Theron**

Drie weke nadat breinkanker in September 2017 by prof. Sampje Terreblanche gediagnoseer is, het hy sy dekades lange vriend prof. Anton van Niekerk gebel om te help beplan aan sy afskeid van die aarde.

Die emeritusprofessor in ekonomie aan die Stellenbosch Universiteit (US) is verlede Saterdag dood.

Gister is daar in plaas van 'n roudiens 'n viering van sy nalatenskap gehou in die Endlersaal op Stellenbosch.

Terreblanche wou hê dit moes 'n informele geleentheid wees waar mense wyn drink en sy lewe vier.

Van Niekerk sê Terreblanche wou hê dit moes 'n okkasie wees "waar mense nie lang trane huil nie. Hy was nie 'n tranerige mens nie".

Oudpres. Thabo Mbeki en sy vrou, Zanele, sowel as sy broer, die ekonoom Moeletsi Mbeki, het gesellig saam met Terreblanche se vriende, familie en oudstuden- te gekuier. Die voormalige presidentsvrou sê Terreblanche se werk het haar geïnspireer om die Women's Development Bank in 1990 te stig.

Moeletsi was die redakteur van twee van Terreblanche se boeke en het ook dikwels saam met Terreblanche se broer, Mof, 'n direkteur van die beleggings- groep Stonehage, vir banke gekonsulteer. Hy lag oor die teenstrydigheid tussen die twee broers se houding jeens kapitalisme.

"Ek kan aan niks beter dink



Prof. Sampje Terreblanche se kinders klink gister 'n glasie op hul pa. Van links is Louise van Zyl (51), Marie Kirsten (55), Sampje (44), Carine (50) en Christelle Terreblanche (58). Foto's: NADINE THERON

as om my 23ste verjaardag saam met my oupa se lewe te vier nie," het Terreblanche se kleinseun, Willem van Zyl, in 'n toespraak gesê.

Willem en sy neef, Gerhard Kirsten (23), het vertel hoe hul oupa hulle van kleins af geleer het dat kapitalisme 'n ewel is, hoewel hulle toe nog nie eens geweet het wat kapitalisme is nie.

Al Terreblanche se kinders en kleinkinders het vertel watter fantastiese storieverteller hy was en hoe skerp sy sin vir humor was. Hy het baie in sy kinders en kleinkinders se lewe belang gestel.

Al was hy baie besig, het hy dit geniet om tydens lang stap- togtogte met hulle te gesels.

Terreblanche het in sy leeftyd klas gegee vir sowat 'n miljoen

studente – meer as waaroor enige ander dosent aan die US kan spog, het prof. Stan du Plessis, die dekaan van die US se departement ekonomie, gesê.

Hy is die enigste professor wat vir sowat die helfte van die universiteit se bestaan klas gegee het en drie generasies het deur sy hande gegaan. Selfs ná sy af- trede het hy steeds klas gegee. Volgens sy kollegas kon geen an-

der dosent studente so die har- nas in jaag soos hy nie.

Tog was hy bekend daarvoor dat hy studente wat aanvanklik ander rigtings wou inslaan, kon inspireer om nagraads ekonomie te studeer.

Du Plessis sê Terreblanche het sy eie lewe onherroeplik veran- der. "Sy lesings was 'n belewe- nis," sê hy.

Van Niekerk vertel "hoe kwa-



Zanele Mbeki, voormalige presi- dentsvrou, en haar swaer, die eko- noom Moeletsi Mbeki, by die viering gister van prof. Sampje Terreblan- che se lewe op Stellenbosch.



Prof. Anton van Niekerk neem gis- ter die leiding by sy vriend, prof. Sampje Terreblanche, se lewens- herdenking in Stellenbosch.

ter Sampje studente gemaak het, hoe meer het hy dit geniet".

Terreblanche het sy studente se kritiese denke gestimuleer en hulle aangemoedig om selfonde- soek te doen en uit te vind waar-

om hulle kwaad word. "Hy het 'n mens uitgedaag en min van di- plomasie verstaan, maar het ons nooit onaangeraak gelaat nie."

Terreblanche se seun, ook Sampje, vertel sy pa was 'n streng ouer, maar dat sy speelse jeugdigheid 'n mens bybly.

Sy dogter, die politieke joerna- lis en akademikus Christelle Terreblanche, vertel hoe hul pa tuisgekom het met trane in sy oë wanneer hy hulle vertel het van die armoede wat hy gesien het tydens sy werk vir die Erika Theron-kommissie oor die bruin gemeenskap onder apartheid.

"Hy het ons die verskil tussen empatie en simpatie geleer."

Sy sê hy was baie spyt dat hy die Nasionale Party nie reeds in 1976 verlaat het nie, maar hy wou transformasie van binne af beïnvloed. "Ons het werklik op die skouers van 'n reus gestaan."

Prof. Nico Koopman, die US se viserektor vir maatskaplike im- pak, transformasie en personeel, sê hy wens hy kon Terreblanche nog raadpleeg oor hoe om die bruin gemeenskap te bevorder sonder om die eenheid van Suid- Afrikaners as nasie te verloor.

Van Niekerk het bewoë geraak aan die einde van sy toespraak oor sy vriendskap met Terre- blanche wat oor 47 jaar gestrek het. Hy het sy "rolmodel-profes- sor" gegroet en gesê hy voel ge- eerd dat Terreblanche hom "toe- gelaat het" as 'n vriend.

"Die wêreld is 'n anderse en beter plek omdat jy geleef het."

Terreblanche het 13 boeke ge- skryf. Sy vrou, Ina, is verlede jaar dood. Hy laat vyf kinders en ses kleinkinders agter.

Motoris soek wat veteraan-fietsryer doodry

Hanti Otto

Die polisie is op soek na ooggetuies van die tref-en-trapvoerval waarin 'n top-veteraan-fietsryer Saterdagoggend dood is.

'n Saak van strafbare manslag word ondersoek nadat Nino Oppel (41) kort voor die begin van die Berge en Dale-fietswedren in Krugersdorp glo van agter deur 'n voertuig gestamp is.

Hoewel nooddienspersoneel binne sekondes by Oppel was, is hy sowat vyf uur later in die Pinehaven-hospi- taal dood.

Ao. Matome Masedi, 'n polisie- woordvoerder, het gister gesê die be- stuurder van die voertuig wat Oppel getref het, is steeds soek. "Niemand is al aangekeer nie. Mense wat die voor- val gesien het en kan help met inlig- ting moet ons asseblief kontak," sê hy.

Vir talle was die nuus van Oppel se dood teen gister nog onwerklik. Dit is

vir hulle onbegryplik dat die persoon wat hom raakgery het, net kon weg- jaag.

Dit blyk dat Oppel, 'n rekenmeester van Sandton, besig was om op te warm en in die rigting van die wegspring- punt beweeg het toe die voertuig in Hendrik Potgieterweg hom raakry.

Die wedren oor 107 km het by die Cradlestone Mall naby die Pinehaven- kruising begin.

Hy is omstreeks 05:30 getref en is net ná 11:00 in die hospitaal dood.

Club 100, die fietsryklub waarvan hy lid was, het kort daarna op sy Face- book-blad geskryf: "Dit is met 'n swaar hart dat ons julle inlig oor die afster- we van een van ons lede, Nino Oppel.

"Nino is vanoggend dood nadat hy deur 'n voertuig getref is. Ons meege- voel aan sy vrou, Daleen, sy dogters, vriende en spanmaats."

Oppel se dogters is, volgens vriende, onderskeidelik vier en sewe jaar oud.

ASG Events, die organiseerders van die byeenkoms, sê in 'n verklaring dit het noodpersoneel minder as 'n mi- nuut geneem om by Oppel uit te kom. Hulle het hom probeer stabiliseer en hy is inderhaas hospitaal toe geneem.

Oppel het ook vrywillig as bedryfs- bestuurder vir SA Rugby gehelp. Hy het onder meer saam met die span ge- werk aan die Kaapstadse Sewesrugby- toernooi in Desember. Johan Orton, 'n jare lange vriend en 'n fotograaf, het juis by dié toernooi vir Oppel vertel van sy eie skoonsuster wat kort tevore in 'n tref-en-trapvoerval dood is. "Nino het nog gesê hy kan nie glo dat mense sommer net wegy ná so iets nie. En nou het dit met hom gebeur.

■ Volgens inskrywings op Bike Hub, 'n fietsry-webblad, was Oppel vyfde in sy ouderdomsgroep tydens verlede jaar se SA tydtoetskampioenskap.

■ Mense met inligting kan ao. Mato- me Masedi by 079 694 6366 of 10111 bel.



Nino Oppel en sy vrou. Foto: FACEBOOK



ROLBLINDINGS

Vir die allergrootste belewenis in reekse, kleure en styl, besoek die grootste en elegantste vertoonkamer in Suid-Afrika (Maandag tot Saterdag).

- Gehalte produkte
- Deskundige raad
- Top diens en aflewering
- Mededingende pryse

Alplas
Your Home of Blinds®

Kunene Circle 21, Montague Gardens (uit Koebergweg)
Tel: 021 550 2970 info@alplas.co.za www.alplas.co.za

KANNALAND MUNISIPALITEIT
KONTRAK NR.: 17/2018
VIR
1.0 M/ DROEVLEI-RESERVOIR EN VERWANTE WERKE

T1.1 TENDERKENNISGEWING EN UITNODIGING OM TE TENDER

Kannaland Munisipaliteit wag tenders in vir die konstruksie van 'n nuwe 1.0 M/ sirkulêre versterkte betonreservoir in Zoar.

Daar word beraam dat tenders 'n CIDB-kontrakteursgradering van 4CE of hoër moet hê. Voorkeur word gegee aan tenders wat tender ooreenkomstig die Voorkeursverryngsregulasies, 2011. Slegs tenders wat in besit is van 'n geldige Belastingklaringsertifikaat en/of 'n B-BBEE-kaart is geskik om tenders in te dien.

Tenders moet geregistreer wees op die Kannaland Munisipaliteit se Verskaffersdatabasis en Sentrale Verskaffersdatabasis (SVD). Tendereers wat nie geregistreer is op die Kannaland Munisipaliteit se Verskaffersdatabasis en die Sentrale Verskaffersdatabasis (SVD) nie, word nie daarvan uitgesluit om tenders in te dien nie, maar moet egter geregistreer word voor die evaluering van hul tenders vir hul tenders om in aanmerking te kom.

Slegs tenders wat personeel in diens het wat voldoen aan EPWP- vereistes, is geskik om tenders in te dien.

Tenderdokumente sal beskikbaar wees vanaf Vrydag 23 Februarie 2018 gedurende werkeure (08:00 tot 16:00, Maandag tot Vrydag).

Die straatadres vir afhaal van Tenderdokumente is:

Kannaland Munisipaliteit
Kerkstraat 32
Ladismith
6655

'n Nieteregibetalebare tenderdeposito van R370.05 is betaalbaar in kontant of per bankgewaarborgde teik uitmaak ten gunste van die Werkgegewer word vereis by afhaal van die Tenderdokumente.

Enige SCM-navrae rakende hierdie tender kan gerig word aan:

Voorvoerningskwaliteitsbeheer: Mnr. Eben van Rooi
Tel: 028 551 8000
Faks: 028 551 1766
E-pos: eben@kannaland.gov.za

Enige tegniese navrae rakende hierdie tender kan gerig word aan:

PMU-kantoor: Me. Daniëlle Koert
Tel: 028 551 8000
Faks: 028 551 1766
E-pos: danielle@kannaland.gov.za

'n Verpligte inligtingsvergadering met verteenwoordigers van die Werkgegewer vind plaas op Woensdag 28 Februarie 2018 om 10:00 by die Munisipale kantoor in Zoar, Hoofstraat, langs die poskantoor.

Die sluitingstyd en datum vir indiening van tenders is 12:00 op Vrydag 9 Maart 2018.

Die tenderbus van die Munisipaliteit is toeganklik gedurende normale kantoorure van 07:30 tot 16:00, Maandag tot Vrydag en is geleë in die Kannaland Munisipale Kantoor, Kerkstr. 32, Ladismith.

Telefoniese, faksimile-, e-pos- of laat tenders sal nie aanvaar word nie.

Tenders mag slegs ingedien word op die Tenderdokumente wat uitgereik word.

Vereistes vir versëling, adressering, aflewering, oopmaak en beoordeling van tenders word uiteengesit in die Tenderdata.

KENNISGEWING NR.: 17/2018

R. STEVENS
MUNISIPALE BESTUURDER

KANNALAND MUNICIPALITY
CONTRACT NO: 17/2018
FOR
1.0 M/ DROEVLEI RESERVOIR AND ASSOCIATED WORKS

T1.1 TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER

Kannaland Municipality, invites tenders for the construction of a new 1.0 M/ circular reinforced concrete reservoir in Zoar.

It is estimated that tenders should have a CIDB contractor grading of 4CE or higher. Preferences are offered to tenders who tender in accordance with the Preferential Procurement Regulations, 2011. Only tenders who are in possession of a valid Tax Clearance certificate and/or a B-BBEE scorecard are eligible to submit tenders.

Tenders must be registered on the Kannaland Municipality's Supplier Database and Central Supplier Database (CSD). Tenders who are not registered on the Kannaland Municipality's Supplier Database and the Central Supplier Database (CSD) are not precluded from submitting tenders, but must however be registered prior to the evaluation of their tenders in order for their tenders to be responsive.

Only tenders who employ staff which satisfies EPWP requirements are eligible to submit tenders.

Tender Documents will be available from Friday, 23 February 2018 during working hours (08:00 to 16:00 Monday to Friday).

The physical address for collection of the Tender Documents is:

Kannaland Municipality
32 Church Street
Ladismith
6655

A non-refundable tender deposit of R 370.05 payable in cash or by bank-guaranteed cheque made out in favour of the Employer is required on collection of the Tender Documents.

Any SCM queries relating to this tender may be addressed to:

Supply Chain Management: Mr. Eben Van Rooi
Tel: 028 551 8000
Fax: 028 551 1766
Email: eben@kannaland.gov.za

Any technical queries relating to this tender may be addressed to:

PMU office: Me. Daniëlle Koert
Tel: 028 551 8000
Fax: 028 551 1766
Email: danielle@kannaland.gov.za

A compulsory clarification meeting with representatives of the Employer will take place on Wednesday, 28 February 2018 at the Municipal offices in Zoar, Main (Hoof) Street, next to post office, commencing at 10h00.

The closing time and date for the receipt of tenders is 12h00 on Friday, 09 March 2018.

The tender box of the Municipality is accessible during normal office hours from 07:30 to 16:00 Monday to Friday and is located at the Kannaland Municipal offices, 32 Church Street, Ladismith.

Telephonic, facsimile, email and late tenders will not be accepted.

Tenders may only be submitted on the Tender Documents that are issued.

Requirements for sealing, addressing, delivery, opening and assessment of tenders are stated in the Tender Data.

NOTICE NR: 17/2018

R STEVENS
MUNICIPAL MANAGER

JOU VYFDE JAAR SE PREMIES TERUG IN KONTANT

Sê 'ja' vir bekostigbare versekering en meer van die klein ekstra's in die lewe met **AVBOB** se Cashback-begrafnisversekeringsplan.

SMS 'KONTANT8' na 41790 en ons bel jou. SMS is GRATIS.

*Bepalings en voorwaardes geld. AVBOB is 'n Gernagtigde Verskaffer van Finansiële Dienste. AVBOB is 'n vlak 2 SEB bydraer. VFD 20666. www.AVBOB.co.za

ASISW A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

Cashback
Funeral Cover

AVBOB

Ons is hier vir jou

100 Jaar



Foto ter illustrasie. Foto: MEDICALNEWS

Waterdruk te laag vir dialise by Athlone-hospitaal

Elsabé Brits

Die waterdruk na die Gatesville Melomed-hospitaal in Athlone was so laag dat sowat 50 pasiënte wat lewensnoodsaaklike dialise daar ontvang, of ure lank moes wag, of inderhaas na ander 'n hospitaal geneem moes word. Die druk is verlaag weens die waterkrisis in Kaapstad in 'n po-

ging om Dag Zero – wanneer die krane droog sal wees – te vermy. Die Kaapse metro het egter herhaaldelik die versekering gegee dat hospitale nie benadeel sal word nie. Henry Hendricks, die hospitaalbestuurder, het gister by navraag gesê daar is te min druk om water by die tenks tot op die vyfde vloer te kry. Dié hospitaal

verskaf 24 uur per dag dialise aan mense. “Dialise gebruik baie water en ons moet die tenks vinnig vol kry. Met die gewone druk slaag ons daarin, maar nie nou nie,” sê hy. Daar kan 16 mense op 'n slag hanteer word, in sessies, dag en nag. Die dialise-eenheid is daaglik

stampvol en die eerste pasiënte kom al 04:00 in. Wanneer hulle teen 10:00 klaarmaak, kom die volgende pasiënte in groepe in. Daar is 'n sessie wat 03:00 klaarmaak, en dan begin die volgende een weer om 04:00. “Ons is die hele tyd vol. Vrydag was die waterdruk so laag ons kon nie voorby nie. Om 08:00 het ons nog nie begin met

die mense van 04:00 nie. “Dit het 'n groot effek op die pasiënte. Nie net is hulle verontvuldig nie, maar hulle moet hul behandeling kry, want die gifstowwe bou op in die liggaam,” sê hy. Die hospitaal kon toe twee groepe pasiënte na 'n ander hospitaal oorplaas. Hendricks sê die Kaapse metro was baie behulpsaam en het om

17:00 'n watertenkwa na die hospitaal gebring. Hulle kon toe die water uitpomp en die tenks kon gister vollooi. “Maar ons gaan teen Dinsdag of so weer met die dieselfde probleem sit. Die stad sal elke week vir ons moet water bring. Ons het gelees hospitale gaan nie geraak word nie, en nou is dit só,” het hy gesê.

KAAPSTAD SE WATERKRISIS

Koalisie soek antwoorde van koeldrankreus

Warda Meyer

Die Kaapstadse Waterkrisis-koalisie (CTWCC) het die koeldrankreus Coca-Cola tot vandag kans gegee om met 'n plan vorendag te kom om water aan behoeftige gemeenskappe oor die land heen te voorsien.

Die koalisie het verlede week met die maatskappy vergader om antwoorde te kry oor Coca-Cola se waterverbruik na aanleiding van die huidige droogte wat die Wes-Kaap en ander dele van die land teister.

Hoop op die agenda was Coca-Cola Suid-Afrika se planne om gratis water aan die mense van Kaapstad te verskaf, indien die stad en provinsiale owerhede besluit om die krane toe te maak.

Die koalisie het terselfdertyd voor die Coca-Cola Peninsula Beverages-aanleg in Parow betoog om sy misnoë met die koeldrankvervaardiger uit te spreek. Hy glo dat die onderneming miljoene liter water elke dag verbruik terwyl Kapenaars se waterverbruik beperk word.

Shaheed Mahomed, woord-

voerder vir die koalisie, het gesê: “Die enigste aanbod wat Coke gedoen het, was 'n afslag op sy gebottelde water, maar dit is nie die oplossing nie. Arm huishoudings kan nie gebottelde water bekostig nie.”

Hy sê hulle eis dat Coca-Cola dadelik mense in die Noord-Kaap en Oos-Kaap, dele van die Kaapse Vlakte, insluitend Khayelitsha, Mitchells Plain en Bishop Lavis, asook plaaswerkers by Elsenburg in Stellenbosch, van water moet voorsien. “Die maatskappy moet nie eers wag dat Dag Zero 'n werklikheid word nie, hy moet nou al iets doen.”

Volgens Mahomed het die koalisie Coca-Cola tot vandag kans gegee om met 'n plan vorendag te kom. “Aangesien Coca-Cola berug is daarvoor dat hy die grondwatervoorraad in droogte-geïsterde dele van Indië vernietig het, wil die koalisie antwoorde van Coca-Cola Suid-Afrika kry oor onder meer waar presies Coca-Cola se waterbronne in die Wes-Kaap, en Suid-Afrika in die geheel, is en hoe-

veel water die koeldrankvervaardiger daaglik gebruik,” het Mahomed bygevoeg.

Dit is ook uiters belangrik om te weet tot watter mate die maatskappy die huidige Vlak 6B-waterbeperkings in Kaapstad nakom en hoeveel gebottelde water hy die laaste kwartaal, nasionaal en in die Wes-Kaap, vergeleke met dieselfde kwartaal 'n jaar gelede, verkoop het.

“Terwyl ons kinders in die skole nie eens aan sport kan deelneem nie, gebruik die maatskappy glo kraanwater wat in die huidige krisis immoreel is. Hulle moet hul hekke oopmaak net soos die Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB) gedoen het,” het Mahomed gesê.

“Ons is nie hier vir liefdadigheid van Coca-Cola nie en ons vra nie vir afslag op sy produkte nie. Ons wil weet hoekom die maatskappy soveel water gebruik terwyl daar 'n watertekort is,” het Shanel Johannes van die koalisie gesê.

Navrae is reeds vroeër aan Coca-Cola gestuur. Niemand het egter daarop gereageer nie.



Polisielede op die terrein van die Seven Angels Ministries waar hulle sewe van die mans wat vermoedelik by die aanval Dinsdagaand op die Ngcobo-polisiekantoor betrokke was, in 'n skietgeveg doodgeskiet het. Foto: SAPD

Polisielede afgemaai: Twee broers gejag

Maygene de Wee

Die polisie is nog op soek na twee van die Mancoba-broers wat volgens hulle in beheer van die Seven Angels Ministries was. Dié sekte was vermoedelik verantwoordelik vir die afmaai van al die personeel van 'n polisiekantoor in die Oos-Kaap.

Die sekte word beheer deur sewe broers van die Mancoba-familie en hul ma, berig *Rapport*.

Drie van die sewe broers – Xolisa, Michael en Thandazile – is Vrydagaand deur die polisie in die kerkgebou van die Seven Angels Ministries op Nyanga doodgeskiet.

Nog vier mans – Mhlazane Mfazwe, Siyasanga Mfazwe, Loyiso Dlamulo en 'n man wie se naam slegs as Luzuko aan die polisie bekend is – is ook deur die polisie doodgeskiet.

Nog 'n man is gewond en in 'n hospitaal opgeneem.

Die polisie vermoed dat die mans betrokke was by die skietvoorval Dinsdagaand toe

'n groep mans die Ngcobo-polisie kantoor aangeval en vyf polisiebeamptes en 'n afgetrede soldaat vermoor het.

Die vyf polisiebeamptes wat vermoor is, ao. Zuko Mbini (45) en konstabels Zuko Ntshoku (38), Nkosiphendule Pongco (32), Sibongiseni Sandlana (32) en Khule Matete (27).

Freddy Mpendeni (58), 'n afgetrede soldaat, is buite die polisie kantoor doodgeskiet voordat die aanvallers in 'n polisievoertuig, met twee ontvoerde polisielede in, gevlug het.

Die polisie beskryf die Seven Angels Ministries as 'n sekte.

Agt van die tien vuurwapens wat ten tyde van die Ngcobo-aanval uit die polisie kantoor geroof is, is teruggevind. Dit is twee haelgewere, twee gewere en ses 9 mm-pistole. Die polisie het ook op twee kluiwe, twee skootrekkears, 'n koelwaste polisiebaadjie, vier swaarde, vier kruisboë, vier horlosies en 27 selfone beslag gelê.

Op die terrein was 11 voertuie, waaronder luukse voertuie.

Brig. Hangwani Mulaudzi, Valke-woordvoerder, het gister gesê 43 ander mans wat ook op die perseel aangetref is, is vir ondervraging ingeneem.

Die polisie het Saterdag in 'n verklaring gesê hy het inligting gekry by iemand wat vroeër verlede week in hegtenis geneem is dat die mans wat die Ngcobo-polisie kantoor aangeval het, by die Seven Angels Ministries-kerkgebou skuil.

Toe die polisie op die gebou nader, is op hulle geskiet. Hulle het teruggeskiet en sewe mans is doodgeskiet.

Daar is berig dat minstens 100 vroue en kinders by die kerk aangetref is.

Mzukisi Solani, woordvoerder vir die Oos-Kaapse departement van maatskaplike ontwikkeling, het egter gister gesê altesame 50 vroue en kinders is gevind.

Almal is na plekke van veiligheid gebring waar hulle berading ontvang.

Intussen het 'n senior polisiebeampte wat ná die skietery op die toneel was, die gebou en

toestande waarin die mense geleef het, as haglik beskryf. “Dit is verskriklik vuil.”

Die polisiebeampte het ook gesê dat die plek nie eintlik as 'n sekte beskryf kan word nie. “Mense is nie aangehou nie. Hulle het vrywillig hierheen gekom.” Hy het ook genoem dat baie van die mense hul inkomste aan die Mancoba-broers gegee het. “Daar is 'n oudskoolhoof hier wat haar hele pensioen net so aan hulle gegee het.

“Hier is nie net arm mense en mense van die Nyanga- of Ngcobo-gemeenskap nie. Hier is mense van Port Shepstone en Oos-Londen.”

Die minister van polisie, Fikile Mbalula, het die spesiale taakspan van die polisie wat die sewe doodgeskiet het, gelukgewens.

■ Francois Beukman, voorsitter van die portefeuljekomitee oor die polisie, sê dat Mbalula Woensdag in die Nasionale Vergadering gaan praat oor die toename in aanvalle op polisiebeamptes en sal fokus op die aanval in Ngcobo.

Drie sterf, talle dakloos in brande in Wes-Kaap

Drie mense is gisteroggend in brande in die Wes-Kaap dood en meer as 'n honderd is dakloos gelaat nadat hul huise afgebrand het. Die brande het in Khayelitsha, die Strand en Kalkfontein uitgebreek.

“In Khayelitsha is 'n meisie dood nadat sy brandwonde opgedoen het,” sê Theo Layne, woordvoerder van die Stad

Kaapstad se brand-en-reddingsdienste.

Die voorval het in die vroeë oggendure plaasgevind. Altesame 25 geboue is in die brand vernietig en 130 mense is dakloos gelaat.

Volgens Layne is 'n vrou in Kalkfontein dood nadat een huis en twee informele strukture hier vlamgevat het. Hy sê sy het ook

brandwonde opgedoen.

“'n Vrou in die Strand is ook dood toe 'n brand omstreeks 07:30 by 'n huis uitgebreek het.”

Layne sê die onderskeie voorvalle is aan die polisie vir verdere ondersoek oorhandig.

Lt.kol. André Traut, 'n provinsiale polisiewoordvoerder, sê lykskouwings sal gedoen word.

– Renellwe Dhludhlu

Weergids

Maandag, 26 Februarie 2018

Hoë brandgevaar word oor die Weskus verwag.

South African Weather Service

Getye in Tafelbaai

	Laag	Hoog
Vandag	06:33	00:14
Môre	06:31	19:26
	07:33	01:18
	19:56	13:39

Wes-Kaap: 3 dae

	Di.	Wo.	Do.
Calvinia	15 33	15 32	14 30
Vredendal	16 31	15 30	15 30
Malmesbury	16 31	16 32	16 30
Paarl	17 32	17 32	18 30
Kaapstad	16 26	16 27	17 26
Hermanus	18 24	18 24	18 23
Grabouw	15 26	15 27	16 26
Kaap Agulhas	18 24	18 24	18 23
Riversdal	15 29	14 29	15 26
Mosselbaai	16 24	16 23	16 22
George	15 25	14 25	15 23
Worcester	16 33	16 33	17 30
Beaufort-Wes	18 34	18 34	17 29
Oudtshoorn	17 34	16 33	16 29

Reisigersgids

Port Elizabeth	13 24
Pretoria	15 27
Johannesburg	12 25
Mbombela	16 20
Polkwane	16 22
Bloemfontein	10 29
Kimberley	10 31
Uptington	14 35
Durban	16 23

Son- en maantye

	Opkoms	Ondergang
Vandag	06:31	19:26
Môre	06:32	19:25
MAAN	16:49	02:20
Vandag	17:43	03:24

Jong vrou in hof ná moord, verminking

Jana Breytenbach

Die verhoor van 'n jong vrou van Citrusdal wat na bewering 'n Skotse vrou vermink en vermoor het, begin vandag in die hoogeregshof in Kaapstad.

Sheree Prince is in Mei 2015 in hegtenis geneem weens verskeie beweerde misdade.

Die staat voer aan Prince het in April 2015 van Citrusdal na Mitchells Plain gereis sonder om haar familie van haar planne in kennis te stel.

Op 14 April het sy glo by die huis van Lauren en Callie Joseph in Marionkeeromstraat in Portlands, Mitchells Plain, ingebreek.

Sy het glo 'n skootrekkeaar, 'n BlackBerry-selfoon, verskeie ander artikels, soos juweliersware

en klerre, 'n pienk haartoestel, 'n FNB-bankkaart, twee ontwerpersbrille en reistasse gesteel.

Die waarde van die artikels is R18 000.

Prince is toe glo na Muizenberg waar sy werk gesoek het sodat sy vir 'n blyplek kon betaal.

Op 18 April het sy werk by 'n winkel gekry en die res van die dag saam met hawelose mense gekuier.

Deur die loop van die aand het sy glo by 'n bakleery betrokke geraak en toe hul geselskap verlaat.

Luidens die klagstaat is Prince toe na Capri Mews 7 in Lakeside, naby Muizenberg,



Sandra Malcolm

waar sy glo besluit het om in te breek.

Die eienaar, Sandra Malcolm, het Prince glo betrap toe sy deur 'n badkamer venster by die huis probeer inkom het.

Malcolm wou blykbaar die polisie op haar selfoon bel, maar Prince het haar glo gekeer.

Prince het haar toe glo verskeie kere met 'n skerp voorwerp in die bors gesteek.

Sy het Malcolm na bewering onthoof, haar ledemate afgesny, haar ingewande uitgehaal en alles in die tuin gooi.

In 'n stadium het Prince glo 'n SIM-kaart in Malcolm se selfoon gebruik om haar pa te bel, maar

hy het nie die foon geantwoord nie. Sy het toe vir hom 'n SMS gestuur.

Prince het luidens die hofstukke hierna na Citrusdal teruggekeer.

Malcolm se kleinseun het die volgende oggend haar verminkte lyk in haar tuindammetjie ontdek.

Toe hy geen antwoord kry na dat hy aan die deur geklop het nie, het hy deur 'n badkamer venster geklim.

Die staat voer aan Prince word deur middel van vingerafdrukke, selfoonstate en 'n inkriminerende verklaring by die misdryf betrek.

Die artikels wat sy na bewering in Mitchells Plain gesteel het, is glo in haar besit gevind toe sy in hegtenis geneem is.

Betogers verwoes PnP in Gugulethu

Die Pick n Pay langs die bekende drink-en-eetplek Mzoli's Place in Gugulethu by Kaapstad het gister deurgeloopt toe protesgangers 'n spoor van verwoesting deur die winkel gelaat het.

Kenny Africa, provinsiale verkeerswoordvoerder, het aan News24 gesê die optoggers het hul weg oopgedwing tot in die Pick n Pay langs Mzoli's Place.

“'n Voertuig is ook uitgebrand. Lt.kol. André Traut, 'n polisiewoordvoerder, het bevestig dat 'n klag van diefstal aanhangig gemaak is. Niemand is egter al in hegtenis geneem nie. Die situasie in Gugulethu word gemonitor, sê Traut. Volgens hom is die meeste strate in die gebied gesluit en is die polisie op 'n hoë vlak van gereedheid. Dit is tans nog onduidelik waarom die protesoptrede gaan. – Mxolisi Mngadi, News24

Dekriminaliseer sekswerk in SA, vra kommissie weer

Hanti Otto

Die dekriminalisering van sekswerk in Suid-Afrika sal help om die teistering en die skending van dié werkers se menseregte stop te sit, sê die Kommissie vir Geslagsgelykheid.

Dit volg nadat die kommissie 'n ondersoek afgehandel het nadat twee sekswerkers aanklagte ingedien het teen die Suid-Afrikaanse Polisie diens omdat poli-

sielede hulle “aanhoudend teister”.

Die kommissie het 'n diepgaande ondersoek gedoen en gesê die bevindings steun die rasi-onaal agter hul amptelike posisie dat sekswerk in Suid-Afrika nie meer as 'n misdryf beskou moet word nie.

Volgens die kommissie gebruik die polisie munisipale verordeninge om sekswerkers onwettig in hegtenis te neem en

aan te hou.

Die kommissie sal die bevindings van sy ondersoek gebruik om sy stryd teen die huidige wetgewing te versterk.

“Dit is dringend omdat die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie en die departement van justisie en van korrektiewe dienste die kriminele hantering van die sekswerkbedryf steun,” sê die kommissie.

Weens die beperkinge van die

“huidige vyandige wetlike raamwerk” is dit moeilik om oplossings te bied vir die skending van sekswerkers se regte.

Die kommissie het al aanbeveel dat die polisie werksessies oor die sensitisering van sekswerk saam met nieregteringsorganisasies aanbied om stasiebevelvoerders op te lei oor die regte van sekswerkers en om die polisielede te weerhou van die skending van dié mense se regte.

Die kommissie versoek ook dat die nasionale polisiekommissaris lede van die polisie opdrag gee om die inhegtenisnemings en teistering te staak.

“Dit sluit in die konfiskering van kondome van die sekswerkers,” lui die verklaring.

“Die Kommissie vir Geslagsgelykheid doen 'n beroep op alle Suid-Afkaners om hulle te steun in hul eis dat sekswerk dekriminaliseer word.”